Die volmaakte standaard van die Here

Teks: Matteus 23: 13 tot 36 en Sondag 4
Teksvers: Matteus 23:23

1. Inleiding

Ware integriteit skyn deur wanneer ’n mens alleen is. Miskien is dit ’n ongemaklike realiteit van die leefwêreld wat ons die afgelope tyd beleef het. Wanneer ’n mens alleen is, is daar nie iemand om voor verantwoording te doen nie. Jy hoef moes nie jou beste voetjie voor te sien as niemand dit in elk geval kan sien nie. En miskien is dit juis die bekommernis van baie werkgewers wat werkers tuis laat werk.

Maar wat van die werkgewers, ja die leiers in die situasie. Moet ’n leier getrou wees. Of is dit ook maar ’n uiterlike saak. Iets wanneer mense kyk, agter geslote deure geld ander reëls. Tog is dit nie net geslote deure nie, maar ook die binnekant van die mens. Jou gedagtes en oortuigings waar niemand kan sien nie.

Omdat hierdie natuurlik ’n leerpreek is wat gemik op ons geestelike lewens, kan ons verwag dat ons ook gaan fokus op geestelike leiers. En dan ook hulle hantering van geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Hierdie geestelike leiers is natuurlik die skrifgeleerdes en Fariseërs wat Jesus aanspreek in ons teksgedeelte. En dit is waar Sondag 4 van die kategismus in kom, en dan veral vraag 10.

Want die essensie van vraag 10 word vandag nog dikwels word. Die idee dat die Here tog maar ander kant toe kan kyk. Daardie idee dat op grond van die bietjie goeie, die res van die slegte maar nagelaat kan word. Dat dit nie gestraf hoef te word nie. Maar dan sien ons in die antwoord op vraag 10 dat dit nie so is nie. Die Heilige toorn van die Here laat nie enige sonde ongestraf nie. Kom ons kyk na die optrede van die Skrifgeleerdes en Fariseërs en dan oordeel van Christus op hierdie optrede. Soos ons dikwels in die evangelies sien, is dit nie mooi of lekker nie. Maar ten slot van sake is sonde nie mooi of lekker nie.

2. Pynlike onderhouding

Die eerste saak aan die beurt is die kruietuin van die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het die gee van tiendes intensief onderhou. Hulle het ’n tiende van alles wat hulle besit het gegee aan die Here. Selfs ’n tiende van al die opbrengs van hulle kruie tuine. En hierdie benadering is vandag nog vir ons bekend. Miskien dalk nie in term van tiendes nie, maar ander belangrike sake. Dit waarin ek goed is.

Daar is iets van ’n spesialis op ’n spesifieke gebied in die lewe wees, wat ook oorwaai na geloofsbeoefening. Baie mense, en soms selfs denominasies as ’n geheel kies ’n spesifieke leerstelling of onderwerp van die geloof en spandeer dan soveel ywer en hulpbronne daaraan, dat daar skoon van die ander aspekte vergeet word.

Op manier doen ons miskien dieselfde met hierdie preek. Ons skrifgedeelte staan bekend as die 7 oordele van die Christus. En uit hierdie sewe oordele kies ons tog net een om op te fokus in hierdie preek. Ons kies die vierde oordeel, soos dit vervat is in ons teksvers. Die gee van tiendes teenoor die onderhouding van reg, barmhartigheid en trou. En as ons die fokus weier uit beweeg, sien ons dit dalk in ons breër geloofslewe ook. Daar is duidelik teksgedeeltes wat baie meer gewild is om oor te preek. Ook in ’n mens se persoonlike bybelstudie en geloofsbeofening is daar verskeie aspekte wat mense graag beklemtoon en uitbou.

En onmiddelik is die vraag, maar is dit verkeerd. Ons praat immers hier tog van

goeie dinge. Die gee van tiendes byvoorbeeld. Moet hierdie goeie dinge dan ontmoedig word. Moet geloof net bestaan uit dit wat swaar en moeilik is vir ’n mens om te doen. En die duidelik antwoord is NEE. Dit is ook wat die laaste gedeelte van ons teksvers duidelik sê. Jesus sê duidelik “hierdie dinge moet ’n mens doen en die ander nie nalaat nie.”

3. Volmaakte onderhouding

Maar as ons die fokus terug skuif na die kategismus sien ons die waarheid. Want Sondag 4 val nog duidelik val in die gedeelte oor die verdorwenheid van die mens handel. Die sondigheid wat die oordeel of toorn van God te wagte moet wees. Die boodskap is duidelik. Hierdie pynlike onderhoud van een aspek van die geloof kan ’n mens nie red nie Die straf en vervloeking rus steeds op die baie oortredinge van die mens. Ja, op die dinge wat ons nalaat om te doen.

Wat ons teksvers nog verder ironies maak, is die keuse van dit wat onderhou word. As ’n mens net genoeg hulpbronne het vir een aspek. Dan kies jy tog die beste een. Maar ook op hierdie gebied maak die Skrifgeleerdes en Fariseërs ’n fout. Die sake wat die swaarste gewig by die Here dra laat hulle na. As hulle verskoning is dat hulle geloofsake prioritiseer. Dan sit hulle die pot heeltemal mis. Want as skrifgeleerdes en Fariseërs moes hulle immers Hosea 6:6 geken het: “[6]want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.”

Dit is dus duidelik dat ons nie moet kies in wat ons die Here gehoorsaam moet wees, en wat ons maar kan nalaat nie. Want ons sal steeds gestraf word vir dit wat ons nagelaat het. Dit wat ons nie gekies het nie. Die toorn van die Here is oor alle sonde en ongeregtigheid, nie net dit wat ons kies nie.

En daarom kan verlossing net geskik indien die hele wet van die Here volmaak onderhou word. En dit is waar selfs Skrifgeleerdes en Fariseërs te kort skiet. Ja waar selfs die geloofsleiers en ander bekende ambasadeurs van die Christelike geloof van vandag steeds tekort skiet. Want uiteindelik is dit steeds soos Christus alreeds in Mattues 5:20 openbaar het: “[20]Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.”

4. Volmaakte barmhartigheid.

Wanneer ons so nadink oor hierdie sake, wil ons soos die mense rondom die gebeure van die rykman in Mattues 19 uitroep: “Maar wie kan dan gered word”. As geloofsleiers nie eers goed genoeg is. Doen God in woorde in vraag 9 nie tog maar die mens ’n onreg aan om dit van hom te verwag nie. Dit wat hy/sy nooit sal kan bereik nie.

Hierdie gedagte kom weer in vraag 11 in. Is God nie ook barmhartig nie? En ons weet die antwoord hierop is barmhartigheid. Maar dit is ’n volmaakte barmhartigheid. Dit is nie ’n 50% barmhartigheid wat ’n 50% regverdigheid iewers langs die pad ontmoet nie. God is heeltemal regverdig. En daarom straf Hy heeltemal alle sonde wat alle mense doen.

Maar dan is God ook heeltemal barmhartig en daarom kies Hy uit die ganse mensdom ’n groepie mense waarvoor Hy die straf op die sonde kom betaal. Ons weet hierdie betaling geskied deur die offer van Sy eniggebore Seun ons Here Jesus Christus. Hy kom sterf vir al hierdie sondes, die vervloekte kruisdood. Hy kom dra die straf, die ewige straf aan liggaam en siel waarvan die antwoord op vraag 11 praat.

En dit is wat belangrik is ook in terme van die laaste gedeelte van ons teksgedeelte. Christus kom laat ons wedergebore raak van binne. Hy kom maak eers die binnekant skoon in die woorde van vers

26. Want dan sal die buitekant ook skoon wees. Dan is ek nie huigelaar as ek my geloof uitleef nie. Want dan kom dit wat ek uitleef van binne in my uit na die buite wêreld. Dit is dan die begin van ’n pad van heiligmaking wat uiteindelik die volmaakte standaard van die Here volbring. Iets wat net moontlik is wanneer ’n mens wedergebore is in ons Here Jesus Christus.

5. Slot

Ons kan hierdie leerdiens afsluit deur eerstens te let op die drie geloofsaspekte wat Christus duidelik maak vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs in ons teksgedeelte. Die eerste is geregtigheid. Is dit werklik wat ek ten alle koste najaag in my lewe elke dag. Of is dit juis waaruit ’n versoek soos in Sondag 4 gebore word. Die versoek om maar ’n blinde oog te gooi oor dit wat nie reg is nie. Wanneer met hierdie ingesteldheid voortgegaan word, word ons naand net so blind soos die Fariseërs en Skrifgeleerdes in ons teksgedeelte.

Die volgende aspek is barmhartigheid. Die unieke omstandighede waarin ons tans leef. En die situasie wat vir ons voorlê in die nabye toekoms, skep baie geleenthede waar die kerk en haar lidmate se ingesteldheid teenoor barmhartigheid geopenbaar sal word. Kom ons laat veral nie hierdie een na nie.

Laastens is daar die saak rondom betroubaarheid. Is ek in my geloofslewe betroubaar? Leef ek steeds vandag die geloof wat ek bely het voor die gemeente en die Here aktief uit waar ek kan. Of staan ek maar apaties teenoor geloofsbeofening en behoeftes van my mede broer en suster in die gemeenskap van die gelowiges. Kom ons gaan streef as wedergebore Christene daarna om die volmaakte standaard van geloof in die Here uit te leef.

Amen